Gedigte*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
Graad 4
SKOOLPRET
Module 37
GEDIGTE
Aktiwiteit 1
Om gedigte te lees en vrae daaroor te beantwoord [LU 3.3.5]

1 ('n Stilleesaktiwiteit)

Lees die volgende gedigte en beantwoord die vragies deur die korrekte antwoord te omkring. Doen dit eers op jul eie en vergelyk dan julle antwoorde in jul groepe.

DIE SKOOL
My Juffrou
My juffrou is die mooiste mens
Wat op die aarde woon.
Haar hare is so mooi gekam;
Haar naels is altyd skoon.
Haar stem is sag en vriend'lik
Behalwe as ons raas;
Dan sit sy stouterds op hul plek
En wys hul wie is baas.
Ons het ons juffrou baie lief -
Daar's niks wat sy nie weet.
En nooit sal sy die antwoord
Van twee maal twee vergeet.
Juffrou Smal
Ek is lief vir juffrou Smal
Want al maak die seuns haar mal
Is sy lief vir elke kind
Elke ouer is haar vrind.
Juffrou Smit
Juffrou Smit is baie kwaai;
Sy wil Piet se nek omdraai.
Dit is snaaks maar tog ook waar,

*Version 1.1: Jun 29, 2009 3:35 pm -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Figure 1

Ons is baie lief vir haar.

Figure 2

Ons Skool
Skool is amper soos 'n huis;
Hier is baie kinders tuis.
En die hoof is hier ons pa
En my juffrou is my ma.
As ek stout is in die klas
Moet ek oppas vir my bas.
As ek aandag gee en mooi leer
Stuur hul my hopelik na graad vier.
Ons meneer het 'n kantoor -
Almal is so bang daarvoor.
Hy het glo streepsuikerkoek
Vir die stouterds wat so vloek.
Ons Klaskamer
Alles netjies weggepak;
Elke boekie op sy rak.
Nêrens lê papiere rond
Of dalk boeke op die grond.
Elke ding het hier sy plek;
Ook nie hoog dat ons moet rek.
Hoë goed is juffrou s'n –
Laag gaan al ons goedjies in.
As ons goed laat rondlê –
Boeke of 'n bal,
Kan 'n mens so maklik
Oor die dinge val.

(a) Wie se naels is altyd skoon?

- die kinders
- Juffrou
- Meneer

(b) Juffrou is slim, want sy ken haar

- tafels
- skoolkinders
- maniere.

(c) Die boeke is netjies weggepak

- op die kas
- op die tafel
- op die rak.

(d) Die skoolhoof het streepsuikerkoek vir kinders wat

- lief is vir eet
- stout is
- soet is.

(e) Juffrou raas met die kinders om

- hulle mooi te laat werk
- haar stem te oefen
- stouterds op hul plek te sit.

(f) Juffrou Smit is

- kwaai
- gaaf
- onvriendelik.

(g) Wat mag nie op die grond lê nie?

- boeke en tasse
- balle en tasse
- balle en boeke

(h) Die kinders voel die skool is soos ‘n

- kantoor
- huis
- speelplek.

(i) Die gr. 3’s gaan gr. 4 toe as hulle

- leer en aandag gee
- soet is
- al hul boeke gelees het.

(j) Die ouers hou baie van

- die skoolhoof
- Juffrou Smal
- Juffrou Smit.

Aktiwiteit 2

Om deur rolspel vrae te vra en taal speel-speel te leer [LU 2.1.1]

2 KOM ONS SOEK ('n Mondelinge en skriftelike aktiwiteit)

Hierdie speletjie kan deur die hele klas gespeel word.

Een leerder staan voor in die klas en dink aan 'n plek waar hy/sy kamma-kamma 'n bal versteek het. Die leerder mag nie vir die ander vertel of wys nie. Die klas moet nou raai waar die bal is deur vrae te vra soos:

Is die bal op die kas? Is dit onder die bank? Is dit langs die boekrak?

Herken julle hierdie prentjie? Dit is 'n baie netjiese klas en alles is op die regte plek. Hierdie klas is die netjiesste klas in die skool.

Figure 3

Aktiwiteit 3
Om van voorsetsels te leer [LU 6.2.10]
Lees die volgende sinne en vul die ontbrekende woorde in. Maak gebruik van die woorde in die raampie.
(i) Die aardbol is ..... die boekrak.
(ii) Die mat lê .....die tafel .....die vloer.
(iii) Daar is 'n tafeldoek ..... die tafel.
(iv) Die onderwyseres staan ..... die tafel.
(v) Die boekrak staan ..... die muur.
(vi) Die banke staan ..... mekaar.
(vii) Die opvoeder skryf met die kryt wat .....
haar hand is .....die bord.
(viii) Die leerders luister ..... haar en hou baie
..... haar.
langs, na, bo-op, oor, van, op, teen, in, onder, agter, na
Assessering

2.1 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.1 interaksie in sy/haar addisionele taal voer:

2.1.1 eenvoudige vrae vra (soos vrae om duidelikheid te verkry).

2.2 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- lees vir inligting:

3.3.5 met ondersteuning 'n opsomming van 'n paragraaf maak (vul byvoorbeeld ontbrekende woorde in 'n paragraaf in).

LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2.2.2 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

6.2.10 alledaagse voorsetsels, byvoorbeeld om plek aan te dui (soos: in, onder, bo, langs).

Memorandum

Aktiwiteit 1

(a) juffrou
(b) tafels
(c) op die rak
(d) stout is
(e) stouterds op hul plek te sit
(f) kwaai
(g) balle en boeke
(h) huis
(i) leer en aandag gee

- Juffrou Smal

Aktiwiteit 3

(i) bo-op
(ii) onder; op
(iii) oor
(iv) agter
(v) teen
(vi) langs
(vii) in
(viii) op
(ix) na
(x) van